

Elke ding het sy vaste tyd!

Prediker 3:1

Maan 8 Feb 2021

1953 vertaling Pred 3:1 “Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak *onder die hemel* is daar ‘n tyd:”

1983 vertaling Pred 3:1 “Elke ding het sy vaste tyd, elke ding *in hierdie wêreld* het sy tyd:”

Bron: Venter J. 2015 Die boek Prediker. Van alles tevergeefs tot ‘n hoopvolle toekoms saam met Christus. p.1-5

Vir die volgende week of twee gaan ons stilstaan by Prediker 3.

Daar word baie min uit die boek Prediker gepreek. Dit is sekerlik omdat die Bybelboek baie negatief klink. Agtien keer kom die woordjie, “tevergeefs” voor. Nêrens word uit Prediker direk in die Nuwe Testament aangehaal nie behalwe vir tekste wat kan heenwys na gedeeltes wat in Prediker voorkom, bv. Mat 6:7 nav Pred 7:18.

Ons as Nuwe Testamentiese gelowiges weet egter baie goed dat in Jesus Christus, is ons vasgeanker aan God. Ons is kinders van God. Ons is meer as oorwinnaars. Ons lewe is nie tevergeefs nie. Inteendeel ons geniet die lewe deur Jesus Christus se soenverdienste. Ons verbly ons in die Here.

Want as jy glo en weet wie jy in Jesus Christus is, waarheen jy op pad is, dan hoef jy nie alles in die lewe te verstaan nie. As jy weet God is in beheer kan jy rustig gaan slaap.

Inteendeel al wat ons moet verstaan en glo, is dat God die Skepper en Onderhouer van die Skepping is. God is van ewigheid tot ewigheid. God het op sy tyd in ewigheid die aarde geskape. God het in ewigheid bepaal wat, wanneer, hoe sal gebeur. God is agter die skerms besig om alles te beheer en te regeer.

Daarom sal ons nooit, volkome, ten volle, honderd present, al die antwoorde op alles wat in die wêreld en in ons lewens gebeur in die lewe hê nie:

- Hoekom is daar oorloë en dood?
- Hoekom is daar siektes?
- Wat is die doel van die wêreldwye Covid pandemie?

God laat pynlike dinge toe om te gebeur, terwyl ons jare later die doel daarvan sien.

God laat swaarkry toe, sodat ons kan leer om te volhard in ons geloof.

Wie God ken, vind by Hom vrede en rustigheid te midde van teenspoed en beproewings.

Dit is wanneer ons as mense besef, dat ons die meeste van die tyd, self verantwoordelik is vir ons doen en late en gevolg, dat ons besef ons kan nie ander mense blameer nie.

Dit is wanneer ons as mense besef dat ons nie al die kennis en wysheid het nie, dat ons nie beheer het oor die lewe en die natuur en die natuurwette nie, dat ons besef dat God in beheer is.

Die prediker kom dan uiteindelik tot die slotsom in **Pred 12:13-14:**

13 “Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooië. Dit is wat van die mens gevra word.

14 God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad.” **AMEN** (*Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595*)